# MURRAYSBURGER

May 2011
Price R1.00

Murraysburg
a beautiful secret

**The Beautiful Secret is out!**

Go to www.murraysburg.co.za

The Murraysburger is now also available on the website. Hard copies at Kays, Butcher, Co-op & Victory Hill

Hi there

Well here we are with our second 'Murraysburger', and it seems that we have an interested and interesting Community ! This has really been a lot of fun and as 'uitlanders' we are discovering more and more about our adopted town and its inhabitants.

In this issue we have some interesting articles from some of the local inhabitants which is something we would really like to encourage, as this is after all a platform for the 'local news'. I would like to draw your attention however to the fact that it is also a means of communicating services, products and anything you may have to offer. Our advertising rates are very reasonable and by using this service you would also be helping us to continue publishing our community paper.

For the next couple of months we are going to need something cheerful to read as it seems winter is already upon us and I have no need to remind you all how cold it can get here in the middle of the Karoo. I guess though we can all look forward to spring as it will surely follow winter, just as day follows night.

There is one request I would like to make PLEASE PLEASE PLEASE do not chop down any branches or trees in the town and if you see someone doing it please stop them. We need our trees, they give us shade in summer, they help keep Murraysburg pretty and they are very important for a healthy environment.

Hope you enjoy our second edition and we look forward to hearing from you.

Regards
Jenny

**HARTLIK GELUK**

aan Suster E Botha wat vier onderskeidings behaal het met die na-basiese Primêre Gesondheidsorg Diploma kursus te Weskaap Verpleegster Kollege in Kaapstad. Sy was 'n jaar van die huis af om die kursus by te woon. Suster Botha is reeds 6 jaar werksaam by die kliniek in Murraysburg.

**Welkom terug Suster Botha!**

## STORIETYD OP DIE PLAAS

Toe maak die Reynolds-stam weer so. Soos met die destydse maanligkonserte wat soveel plesier verskaf het, kom Sarie en Percy hierdie keer vorendag met 'n nuwe idee. Storietyd in 'n garage op die plaas. Skoondogter Marika van Heerden van Johannesburg het ingestem om haar storievertel-talent op die klomp Murraysburgers te kom beproef en ek glo beide die Murraysburgers en Marika het die geleentheid terdeë geniet. Ons het maar almal met bietjie twyfel in die gemoed opgetrek Grootdriefontein toe want die weer was redelik swaar, en as dit dreig om te reën in die Sneeuberge, moet jy oppas om aan die verkeerde kant van die driwwe op die Swaelkrans pad gevang te word. Die dreigende wolke en veraf blitse en donderweer het gelukkig lank genoeg weggebly maar was darem ook naby genoeg om te sorg vir 'n grootse agtergrondskouspel. En hoe treffend was die skouspel nie, veral as gepaste begeleiding vir Marika se eerste storie en haar gevoelvolle beskrywing van 'n droogte op hul ontsnap-plasie in Boesmanland daar êrens tussen Williston en Kenhardt. Sy het die dorheid en wanhoop van 'n droogte-situasie raak en lewensgetrou beskryf, en miskien goed so, want dit het ons boere laat herinner daar ís wel nog iets soos droogtes na al die bederf-reën van die afgelope paar maande. Die hemelse ligskou en veraf gerammel was aanvanklik so effens uit pas met Marika se beskrywing van 'n droogte, maar toe begin die prentjie sy raam kry toe sy vertel van die opbou van reën, en die eerste druppels, en dan die baie druppels, en dan die hael en die wonderwerk van herlewing na die reën. En toe verstaan ek die rede vir die hemelse orkes wat net soos 'n simfonie orkes by 'n opera in die agtergrond deel is van die groter verhaal. Marika, het jy dalk spesiale konneksies om só-iets perfek te kon gereël het? Die res van haar vertellings was humoristies-ernstig met eenvoudige boodskappe vir die gewone lewe. So anders en so treffend in teenstelling met die teologiese retoriek van die hooggeleerdes.

Dankie, Marika. En dankie ook aan Sarie en Percy en al die ander bydraers vir die lekker kuier. Ou Percy, ook maar goed daar het nie meer mense opgedaag nie, anders sou jy moes dubbeldêkker stoele geprakseer het om almal 'n sitplek te gee. Die sop was uit die boonste gestoeltes al was die bakkies so klein, Sarie. Dit maak 'n man skaam om so baie keer te gaan volmaak! Die res van die versnaperings het nie 'n tree agteruit hoef te staan nie en ons het gesmul aan lekker brode, smere, koue vleis met mostertsous, konfyte, koeksisters en ander koekies waarvan ek die naam nie ken nie. Met al die lekker gekuier moes ons maar so bietjies-bietjies hap-en-kou tussen die geselsery deur maar soos die aand koers gekry het, het ons tog almal heerlik versadig en doodgelukkig anderkant uitgekom.

***Wat is volgende op julle agenda? Ons wag!***

***René Theron***

***Please contact us (details on page 2) if you would like to contribute on a regular monthly basis***

# BRIEWE/LETTERS

**TEL/FAKS**: 049 844 0135 **SMS**: 072 2163 115 / 082 5093 120
**EPOS**: maritatheron@mweb.co.za/jenny_ballantyne@telkomsa.net
**POSADRES**: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

*Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening. Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.*
*Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address. The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.*

## Terugvoering oor die 1ste uitgawe

■*M Theron, Murraysburg*: Die 1ste uitgawe van ons plaaslike koerantjie is met groot entoesiasme ontvang, plaaslik sowel as in my ou tuisdorp, Kommetjie. Hier volg 'n paar uittreksels:

André Louwrens, Murraysburg: Puik!

Adri Smit, Murraysburg: Geluk! Dis baie oulik! Ek's mal oor die wolke ;-)

Avril Fourie, Fish Hoek: WOW and WOW again for the newspaper.

Pieter du Toit, Greyton: Baie geluk met jul koerant! Mag dit 'n lang lewe beleef!

Helize du Toit, Greyton: Veels geluk met julle koerant! Dit lyk baie oulik en ek is seker julle gaan dit baie geniet. As ek geweet het julle gaan my Animal Welfare-storie insit, sou ek darem meer moeite gedoen het daarmee, maar solank dit 'n reaksie ontlok, is dit sekerlik reg.

Sakkie Malherbe, redakteur Landbou weekblad. Skitterend! Dit is mos hoe dinge gedoen kan word. Hou so aan. Voorspoed met hierdie onderneming.

Sarel Theron, Kommetjie. Vir die regering en China is daar net een belangrike rede vir die nuwe water pyplyn (bladsy 8) en dit is op bladsy 6. Don't fall for the bait.….

Derick Rautenbach, Despatch. BAKGAT!! Nuus van waarde vir gemeenskap, baie beter as die klomp sensasie tjol in die ander koerante!! Voorspoed vir jul!

Sarie Reynolds, Grootdriefontein: Die Murraysburger is ***great***, net wat ons dorp nodig het as samebindende faktor – baie geluk!

Anthonie & Theresa Troskie, Quaggas-drift: Baie geluk met die eerste uitgawe van ***Murraysburger!*** Dit is voorwaar 'n "mooi geheim" wat uit is. Dis vir ons baie lekker om ons eie dorp se nuus in ons eie koerant te lees. Voorspoed!

Cecily Froud, Kommetjie: We thoroughly enjoyed your first koerant and congratulations to Marietta for sweeping the boards! Norman even got a dictionary out to help him understand the Afrikaans articles and he enjoyed it. We have even circulated the koerant. Well done! You two are contributing so much to Murraysburg.

Norman Froud, Kommetjie: The koerantjie has forced me to check with the woordeboek. You may find the following funny. I read through Marietta's introduction rather quickly. I understood that Jenny is along to cover the Engels tasks and noted that she has two horses!! At the time I figured this to be a plus in Murraysburg, and also a wagon. They do go together! It took a while for me to interpret the idiom. I can see it clearly now. The two ladies in the wagon being pulled through the ditch by the 2 horses. Do you have to use such long words Marietta? Much time I spent in translation. I find the Mini Show awards given in % interesting. I guess the judges know what is worth 100%? All the articles have much value but it will be a while before I can claim to have read it all. It shows that you are blessed with a close caring community. You are fortunate to be part of it.

Denise Joubert, Kommetjie: Dankie vir die interessante koerant. Natuurlik is die artikels oor die "fracking" en die sterre-kunde die mees interessantste maar ek het alles gelees.

Mette Kromhout, Murraysburg: Baie geluk met die eerste Murraysburger! Dis werklik 'n oulike stuk werk en ek bewonder julle dat julle dit reggekry het. Hoor baie goeie kommentaar. Baie sterkte vir die volgende uitgawes.

Baie ander mondelingse gelukwensinge is ook ontvang, maar om ***dit*** te 'retrieve' uit hierdie brein uit, is nie so maklik soos met eposse en sms'se!

**Aan almal, baie dankie! En 'n baie spesiale dankie aan 'n anonieme leser wat vir ons R200 gegee het om drukkoste te help betaal.**

### Diereverwaarlosing en mishandeling

■*A Vermeulen, Murraysburg*: Met verwysing na bg aangeleentheid: Coleen Deane en Alida Porselein is besig is om met Dr Hobson van Camdeboo Veterinary Clinic en met KAPS (Karoo Animal Protection Society) te onderhandel oor hoe om `n `spayaton` in Murraysburg uit te voer. As gevolg van beloftes, 'red tape' en duur feite, kan daar net gesê word dat daar op hierdie stadium aan die saak gewerk word! Sodra ons iets konkreets het, sal ons die inligting bekend maak.

***(Enige persoon wat hiermee behulpsaam kan wees, kontak asb vir Colleen of vir Alida of die Murraysburger-Red)***

### Nog streekstaal…..

Die verbuigings soos *kopers* vir *kwepers*, raai ek is gemaak om doodeenvoudig `n makliker woord te hê om uit te spreek. Maar waar die woord *paais* vir *mieliepap* vandaan kom, weet niemand meer nie, ek het gevra.

En as ek hoor iemand sê *bitterlik* en met daardie uitgerekte aksent, dan weet ek dadelik dis Karoo agtergrond, so ook erram *of errampie vir emmer/tjie.*

***Doring van die Karoo***

### Nuusbrokkies

*Jaco en Sophia van Heerden van Vastrap se seuntjie, C.J.J. van Heerden (soos sy oupa Carel van Bloupoort) is op 21 April gebore.

*Dammetjie Rossouw is op 2 Mei 80 jaar oud.

*Rikus Theron van Landsig het in Botswana malaria opgedoen. Hy was baie siek, maar dit gaan darem elke dag 'n bietjie beter en is hy weer op die plaas.

*Jan van Jaarsveld is op 15 April oorlede. Ons medelye gaan uit aan die familie.

*Badsfontein het gekwalifiseer vir lidmaatskap by die KHMA (Karoo Heartland Marketing Ass) wat beteken dat Murraysburg op internasionale vlak bemark kan word.

### May Calender

Dutch Reformed Church Bazaar
7 May

Love Life - Life Skills Training
1-8 May

Meraai doen aansoek vir werk. Eienaar vra by die onderhoud: Het jy tik geneem op skool?
Meraai: Nei jirre Meneer, daai djarre wassit nog net papsak en dagga.

# KAROORUIMTE MEI 2011

Altoos wanneer ek na die sterre kyk, kom Totius se gedig “Die Godsbesluit” in my gedagtes op. Hierin beskryf hy die wag-‘n-bietjiebos as blinkblaar mooi maar moenie in hom gaan krap nie want dan haak en steek die dorings jou. As mens na die onmeetlike hemelruim kyk, kom vrae op soos hoe het dit onstaan, waar is dit oppad heen, wanneer gaan dit eindig, hoe vêr is die vêrste, wat is anderkant die anderkant en wat is ons doel hier op aarde? Dis dan wanneer jy maar liewer moet ophou vrae vra en net met kinderlike eenvoud die mooiheid en grootsheid aanvaar en geniet.

Kommentaar oor die eerste karooruimte was darem redelik gunstig alhoewel baie mense gesê het dit was te tegnies. Kom ons probeer weer en ons bly in die omgewing van die Suiderkruis wat die meeste mense ken en as vertrekpunt kan gebruik om nog een van die verskuilde wonders van die suider-hemelruim te kan ontdek. Ek noem dit ‘n verskuilde wonder want mens kan dit nie maklik met die blote oog sien nie en ás jy dit raaksien, is dit maar net ‘n dowwe klein misballetjie. Maar met ‘n gewone verkyker, wat standaard toerusting is vir enige boer, word dit baie duidelik sigbaar en kan mens ten minste tien van die helderste sterre sien. Met ‘n teleskoop word tot 50 sterre sigbaar op ‘n wasige agtergrond van nog honderde klein sterre. Hierdie groep word ook geklassifiseer as ‘n sterreklos en is bekend as die Juweelkissie (Jewelbox). Die astronoom, wiskundige, chemikus en fotograaf, Sir John Herschel, het dit in 1833 as volg beskryf: *"this cluster, though neither a large nor a rich one, is yet an extremely brilliant and beautiful object when viewed through an instrument of sufficient aperture to show distinctly the very different colours of its constituent stars, which gives it the effect of a superb piece of fancy jewellery".* Mens kan aanneem dat dit tydens sy besoek aan Suid Afrika was dat hy hierdie treffende beskrywing neergeskryf het want in Engeland is dié pragtige sterregroep nie sigbaar nie. Daar is ‘n onbevestigde gerug dat dit Herschel se vrou was wat die naam gegee het toe hy haar geroep het om deur ‘n relatief primitiewe teleskoop na die sterregroep te kyk en sy in vervoering uitgeroep het dat dit net soos ‘n kissie juwele lyk. Dit maak nogal sin, want oom Herschel sou dit eerder beskryf het as ‘n kassie vol blink boutjies en moertjies!



Om hierdie verskynsel te sien, kyk na die suiderkruis so tussen 8 en 10nm, en net so effens skuins onderkant die onderste ster van die kruis sal jy ‘n dowwe gloed sien. Tel dit op met ‘n verkyker en daar verskyn ‘n groep helder sterre van verskillende kleure wat omtrent skitter soos soos juwele teen die satynswart agtergrond. Dit is ‘n relatief jong sterreklos, net omtrent 7 miljoen jaar oud en bestaan uit ‘n groep helder blou-supersterre.

## BEGELEIDE TOER VAN DIE MEI-HEMEL (ongeveer 10nm)

Gedurende Mei begin die winter konstellasies ernstig kop uitsteek en dis die maand van wyn en vroue. Nog twee pragtige konstellasies wat nou mooi sigbaar begin raak is die Corona Australis en Corona Borealis – die Suidelike Kroon en die Noordelike Kroon. Volgens die klassieke mitologie het Bacchus, die god van wyn, aan Ariadne ‘n tiara van juwele gegee as trougeskenk en toe sy die dag sterf, het hy die tiara in die lug gegooi waar dit nou as die Noordelike Kroon in die noordweste net bokant die horison sigbaar is. Dieselfde Bacchus was ook betrokke by die Suidelike Kroon en dié was weer ‘n kroon van mirt wat hy as geskenk aan die gode gegee het omdat hulle hom gehelp het om sy ma Semele van die onderwêreld te help red. Die Suidelike Kroon sit tans in die suidooste skuins onder die Skerpioen se stert en is baie meer aanskoulik as die noordelike een.







***René Theron***

## INNOVATION……

### ANNIE SLABBERT 93 JAAR JONK

Murraysburg – Meer as vyftig familielede en vriende het op 26 Maart aan huis van Oscar en Elsie Smuts Annie Slabbert se 93ste verjaarsdag met ‘n heerlike aansitete gevier.

Tant Annie, soos sy by die meeste bekend is, is een van die oudste en mees gesiene inwoners van Huis Spitskop, met ‘n besonder skerp sin vir humor en onblusbare lewenslus. Sy ervaar elke nuwe dag as geskenk en kla nooit oor die skete, wat tog wel met die jare kom, nie. Almal kan getuig hoe verrykend dit is om by haar besoek af te lê.

Op hierdie besondere dag was sy soos altyd goed versorg en het pragtig in haar swart, met rose versierde uitrusting, gelyk. Die familie en vriende wat van heinde en verre gekom het, het heerlik saamgekuier en die vyfster-ete, wat deur Johanna van der Merwe en haar helpers voorgesit is, kon nie maklik oortref word nie.

Na ds. André Louwrens se treffende gebed het Frikkie de Wet, ‘n kleinseun van tant Annie se oorlede man, op humoristiese wyse aan Annie Slabbert hulde gebring, waarop hierdie uitsonderlike dame dan kortliks geantwoord het.

Hierna is daar tot laatmiddag heerlik in die Smutse se mooi huis en tuin gekuier en kon die verjaarsdagdame later gaan rus met die wete dat sy nie net in haar familie se harte nie, maar ook in dié van baie Murraysburgers ‘n spesiale plek beklee.

Mag die nuwe lewensjaar goeie gesondheid en nog vreugde elke dag vir Annie Slabbert inhou!

***Mette Kromhout***

### BREI BLOKKE VIR KANSA

Ons wil die gemeenskap betrokke kry by 'n Kongres-projek - Breiblokke vir KANSA: 20cm x 20cm, enige dikte wol en enige patroon word gevra wat tydens die Kongres aan die areabestuurder, Wes Kaap, oorhandig gaan word. Die VLV-Kongres vind plaas op 16, 17 & 18 Augustus 2011 te Villiersdorp. Die afgevaardigde sal die breiblokke na die Kongres neem. Baie dankie!

***Adrie Conradie, sekretaresse, VLV***

### MURRAYSBURGSKOU

Murraysburg – Op 18 Maart 2011 het die jaarlikse Murraysburgskou plaasgevind, alhoewel dit die vorige dag so baie in dele van die distrik gereën het dat dit vir sommige boere onmoontlik was om hulle diere na die skouterrein te vervoer. Die weer het egter dié Vrydag saamgespeel en kon alle beplande items afgehandel word.

Gedurende die dag het die dames van die APK soos gebruiklik heerlike verversings verskaf terwyl die nou al bekende “Steakaand”, wat deur die skoukomitee aangebied word, deur min restaurante geëwenaar kan word. Dit was dan ook ‘n gesellige afsluiting van ‘n suksesvolle dag.

Aangesien die boeregemeenskap van Murraysburg klein is, moet al die borge, wat hierdie dag moontlik maak, besonder bedank word.

Die belangrikste uitslae is as volg:

**MERINOS**

1 Kampioenooi : Jacques Theron
2 Kampioenram : Roelo van Heerden

**DORPERS**

***O/40kg Individueel***

1 Phil de Klerk
2 Peet de Klerk
3 Phil de Klerk

***Bo 40 kg Individueel***

1 Gawie Theron
2 Phil de Klerk
3 Phil de Klerk

Kampioendorper : Gawie Theron
Reserwe Kampioen : Phil de Klerk

Phil de Klerk is ‘n jong boer van die plaas Swartbos, wat eers onlangs voltyds begin boer het, en sy suksesse moet vir hom groot bemoediging inhou.

**PERDE**

***Beste merrie bo 2 jaar – Handklas***

1 Sokkies - Jan Pienaar
2 Polly - Peet de Klerk
3 Mona - Dirk van der Merwe

***Beste hings bo 2 jaar – Handklas***

1 Tossiegat - Peet de Klerk
2 Zoro - Theronnie van der Merwe
3 Pruime - Jan Pienaar

***Beste 3-gang kinderryperd ruiter o/18 jaar***

1 Winnice Grobler
2 Monica du Toit
3 Luke Kingwill

***Beste hardebaardruiter***

1 Theronnie van der Merwe
2 Jan Pienaar
3 Bennie Steenkamp

***Kampioenryperd***

1 Zorro - Theronnie van der Merwe
2 Mona - Dirk van der Merwe
3 Savanna - Dirk van der Merwe

***Mette Kromhout***

A question was posed to the Dalai Lama: “What thing about humanity surprises you the most?”
His answer was as follows: “Man. Because he sacrifices his health in order to make money. Then he sacrifices his money to re-cuperate his health. And then he is so anxious about the future that he doesn't enjoy the present. And as a result he doesn't live in the present or the future. And he lives as if he’s never going to die, and then he dies having never really lived.”

## VOOR-EN NADELE VAN TUISONDERRIG

Murraysburg – Tydens die Aprilvergadering van die VLV het Linda Biggs van Vleiplaats terugskouend van haar ervaringe met tuisonderrig berig.

Ouers wat tuisonderrig oorweeg, moet eers goed oor die hoekom, die waar, die wat, die wie en die uitdagings wat tuisonderrig bied, besin.

William en Linda Biggs wou dat hulle kinders leer dink en nie net antwoorde onthou in plaas van te leer om probleme op te los nie. Aan die einde van 'n skooldag was dit vir hulle belangriker dat die kinders vrae gevra het eerder as om verslag te kan doen van wat hulle geleer het en dan wou hulle natuurlik die gesin so lank moontlik bymekaar hou.

Hulle het besluit om 'n vertrek in 'n buitegebou met genoeg muurspasie vir die aanbring van relevante plakkate en prente as klaskamer in te rig. Daar was 'n swartbord en geskikte tafeltjies en stoele en aangesien hulle kinders later na Union High in Graaff-Reinet sou gaan, het hulle die kinders tydens skoolure die skooldrag van die voorbereidende fase van Union High laat dra. Struktuur en dissipline was belangrik en daar is streng by die skooltye (7:30 - 12:00) gehou.

Die wat? of dan die leerprogram het aanvanklik die grootste kopseer besorg, aangesien daar op die internet oorweldigend baie verwarrende inligting beskikbaar is. Hulle het moeite gedoen om goeie kontak met die betrokke onderwysers van Union High op te bou en het tred gehou met wat in die skool gebeur. Baie van die materiaal, wat in Union High gebruik is, het hulle vir hulle eie gebruik aangepas en dieselfde reeks leesboeke gebruik. Prioriteit was dat die tweeling goed leer lees en nie net letters en woorde kon herken nie, maar veral 'n goeie begrip van die inhoud moes hê.

Aangesien die kinders heeldag saam met hulle moeder is, het hulle besef dat afwisseling belangrik is en die bekwame Felicity Minnaar betrek om vir twee dae in die week die onderrig waar te neem terwyl Linda ook vir twee dae per week juffrou gespeel het. Vrydae het hulle die kinders na Graaff-Reinet geneem waar hulle met die leerders en ouers van ander tuisonderrigskooltjies saamgekom het en die kinders aan buitemuurse aktiwiteite soos ballet, tennis, swem, ens. blootgestel het. Dit was terselfdertyd 'n goeie geleentheid vir sosialisering en interaksie met ander kinders en kon hulle aan verhoudings met ander werk.

Alhoewel die proses uiteindelik goed vir hulle as gesin gewerk het, was daar tog ook heelwat uitdagings. Dit is vir die betrokke ouer / ouers 'n eensame pad en skakeling met ander, wat tuisonderrig doen, is baie belangrik en moet daar doelgerig toegesien word dat daar voldoende wisselwerking met ander kinders in dieselfde ouderdomsgroep is. Aangesien dit gewoonlik die moeder is, wat die tuisonderrig aanbied, is bekwame hulp vir die huishouding baie nodig, sodat alle aandag gedurende die skoolure aan die kinders gegee kan word. Dit is ook baie belangrik om bedag te wees op moontlike leerprobleme wat die kind / kinders mag ondervind en betyds daaraan aandag te gee.

Na twee jaar van tuisonderrig was die kinders gereed en lus om by 'n skool in te skakel, kon hulle behoorlik lees en was hulle krities leergierig. Hulle inskakeling by Union High in graad drie was baie makliker as wat die ouers verwag het en 'n besonder hegte gesinsband was die bonus vir twee jaar se eensame en harde werk.

Tuisonderrig is beslis nie maklik nie, maar met die nodige toewyding die moeite werd.

***Mette Kromhout***

## MURRAYSBURG UNITED VS STEYTLERVILLE BARBARIANS - 9/4/2011

**B TEAMS**

1st Half: Game started on a high pace with both sides' defense being tested. In the 22nd minute the visitors were penalized for a high tackle which the home team's Ricardo Steyn converted. The visitors hit back right from the restart with a try. 31st min M/burg steals lineout. 35th min Murraysburg try, Adriaan Prins, not converted.

2nd half: The 2nd half was a bit of a boring affair with the players deciding to know each other on a physical front which resulted in two players from each side being sin-binned. Five minutes from time for fighting. Final score MBU 8, S/Ville 5.

**A TEAMS** (Attendance +- 300 people)

4th min – try B Mackok Visitors, converted Nico Plaatjies (7-0)
6th min – try Visitors K Slotto, not converted (7-5)
10th min – try G du Toit, not converted (12-5)
19th min – try Visitors K Whitebooi, converted Potgieter (12-12)
24th min – penalty offside Visitors taken quickly result try G du Toit, not converted (17-12)
35th min – sin bin (yellow card) Steven Kota – dangerous tackle
40th min – sin bin (yellow card) E Prince swearing at referee.
Half time: 17-12

2nd half
1st min – try Home Team I Olifant, converted Nico Plaatjies (24-12)
8th min – try Home Team K Plaatjies, converted N Plaatjies (31-12)
14th min- sin bin Andile Sopete – dangerous tackle
18th min – sin bin Okkie Barbers & Ryan Jaar – fighting
20th min – try Home Team Mxolisi Booysen, converted N Plaatjies (38-12)
33rd min - penalty high tackle Home Team converted N Plaatjies (41-12)
36th min – substitute Home Team E Rittels off, Z Steyn on.

Full Time: Home Team 41 Visitors 12

***Reporter: Siphelo Tshikolo***

**Information for the ladies….** (from an internet message)

On Wednesday, Dr. Oz had a show on the fastest growing cancer in women, thyroid cancer. It was a very interesting program and he mentioned that the increase could possibly be related to the use of dental x-rays and mammograms. He demonstrated that on the apron the dentist puts on you for your dental x-rays there is a little flap that can be lifted up and wrapped around your neck. Many dentists don't bother to use it. Also, there is something called a "thyroid guard" for use during mammograms. By coincidence, I had my yearly mammogram yesterday. I felt a little silly, but I asked about the guard and sure enough, the technician had one in a drawer. I asked why it wasn't routinely used. Answer: "I don't know. You have to ask for it." Well, if I hadn't seen the show, how would I have known to ask?

## JUST A STORY…… OR NOT???

Sounds like this person has found a cure … if not, no harm done!

Once I was cooking some corn and stuck my fork in the boiling water to see if the corn was ready. I missed and my hand went into the boiling water....

A friend of mine, who was a Vietnam vet, came into the house, just as I was screaming, and asked me if I had some plain old flour... I pulled out a bag and he stuck my hand in it. He said to keep my hand in the flour for 10 minutes which I did. He said that in Vietnam, this guy was on fire and in their panic, they threw a bag of flour all over him to put the fire out... well, it not only put the fire out, but he never even had a blister!!!!

So, to cut a long story short, I put my hand in the bag of flour for 10 minutes, pulled it out and had not even a red mark or a blister and absolutely NO PAIN. Now, I keep a bag of flour in the fridge and every time I burn myself, I use the flour and never ONCE have I ever had a red spot, a burn or a blister! *Cold flour feels even better than room temperature flour.

Miracle, if you ask me. Keep a bag of white flour in your fridge and you will be happy you did. I even burnt my tongue once and put the flour on it for about 10 minutes and the pain was gone and no burn. Try it, before trying water, don't run your burn area under cold water first, just put it right into the flour for 10 minutes and experience a miracle.

### *TROSKIE WEN IN 2 KATEGORIEË*

Murraysburg – Theresa Troskie, veelsydig begaafde boervrou van Quaggasdrift in die Sneeuberge, doen niks half nie en was sy dan ook in twee kategorieë van Landbouweekblad en Phillips se reseptekompetisie 'n wenner. Vir haar tweede plek in die afdeling "Groot koeke" ontvang sy 'n Phillips voedselverwerker vir haar klam sjokoladekoek en met die neuterige grondboontjiebotterkoekies het sy vir die derde plek in die afdeling "Kleinkoekies" 'n Phillips stomer losgebak.

Troskie het in Uitenhage grootgeword en haar skoolopleiding daar voltooi voordat sy haar in Graaff-Reinet as onderwyseres bekwaam het. Sy het op Pearston skoolgehou, haar man, Antonie, daar ontmoet en hulle het hul gesamentlike lewe in die Sneeuberge begin. Terwyl hulle vier kinders in die skool was, was Troskie altyd baie betrokke en ondersteunend by hulle skole en het sy vir etlike jare uitstekende diens as beheerraadslid van Hoër Volkskool gelewer.

Daar is baie dinge wat Troskie goed kan doen soos klavier speel, die mooiste naaldwerk, selfs trourokke ontwerp en maak, die heerlikste kos en gebak, goeie organisasie en administrasie en dan is sy boonop met inspirerende leierskap in die gemeente en gemeenskap betrokke. Nie 'n leë nes-sindroom vir haar nie! Noudat die kinders uit die huis is, doen sy dié dinge waarvoor sy nog nooit tyd en geleentheid kon vind nie, soos om 'n beoordelaarskursus vir borduurwerk suksesvol te deurloop en om resepte te beproef en te verfyn. Sy is 'n gewaardeerde en opgeleide beoordelaar in verskeie kategorieë by VLV-kongresse en –konferensies en is niemand verras oor die kreatiwiteit wat in alles wat sy aanpak na vore kom nie.

Alle Murraysburgers is trots op Theresa Troskie en dankbaar dat hulle baie by haar kan leer.

***Mette Kromhout***

### Murraysburgers Cape Argus Cyclists 13th March 2011

The following are all the locals who took part in the Argus Cycle tour this year. As you know it is a gruelling 100km race which most of us only dream about, so congratulations to you all and well done for completing the ride!

Martin Hesselink
Chris Slabbert
Roelof Theron
Marike Theron
Aletta Theron
Hardus Theron
Jaco Pienaar
Dammetjie Rossouw
Theronnie van der Merwe

A special mention too for Dammetjie who will be turning 80 in May and has been competing in this race for the past 9 years.

As if this wasn't enough the following riders also took part in the Bruintjieshoogte - Somerset Oos ride which took place on the 27th March only 14 days later. Amazing and well done!!

Roelof Theron - 100km
Aletta Theron - 100km
Marike Theron - 50km
Dammetjie Rossouw - 50km

***Jenny Ballantyne***

*Ps. Oom Dammetjie's feat of 9 Argus races somehow reminds of the mountain climbers who win fame by summiting Everest while the real heroics of climbing K2 and other serious mountains slip unnoticed into the background. Few know of Oom Dam's 620km mountain bike epic in 2006 at the age of 75. Of 70 participants, he was one of only eight who finished the gruelling race that was completed in just 5 days on farm roads over very difficult mountainous terrain. This is equal to 1¼ Arguses in 5 consecutive days!*

***René Theron***

### BEPLANDE 4-KAMP

Fietsry van Murraysburg tot by Snyderskraal - 12 km
Draf van Snyderskraal tot by Badsfonteindam - 8 km
Swem ± 100 of 150 m in dam
Skyfskiet (sodat die ouer ooms/ tannies ook kan deelneem)
Enkel persone kan deelneem of ingedeel word in aflosspanne van 4 elk

Hou hierdie spasie dop vir die datums (moontlik iewers in Okt of Sept) en begin solank oefen!


### ADVERTISEMENTS

Half page – R50.00
Quarter page – R25.00

**Small Ads/Notices**
R20.00 up to 50 words
thereafter R1.00 per additional word

Small photo (+- 30cm x 30cm) – R10.00

***Please note: Funds will be used to cover printing and copying costs. This paper is a non-profit community project.***